Ontmoeting 19

Die doel van hierdie ontmoeting is om die kinders bewus te maak dat daar net een ware God is. Vertrou dat die Heilige Gees hulle daarvan sal oortuig.

Teks: Hand 17:16-34 *(Lees in jou voorbereiding die verhaal 'n paar maal goed deur sodat jy gereed kan wees om die gebeure aan die kinders te vertel.)*

Hulpmiddels:

- Toiletpapier
- Afdrukke van die uitdeelstukke
- Lakens

WELKOM

Deel die groep in kleiner groepe. Gee vir elke groep 'n rol toiletpapier en 5 minute om een van hul groeplede as 'n standbeeld te vermom. Die wenspan is die wat hul maat só toegedraai het dat hy/sy '*onbekend*' is.

WYDING

Temalied: "I have decided"

Stilword-ritueel:

Laat die kinders hul ogies toemaak en tjoepstil bly. Sê vir hulle in 'n rustige stem die volgende:

"Dink bietjie oor die volgende vrae sonder om hardop te antwoord: Toe jy vanoggend wakker geword het, was dit vir jou lekker of sleg in julle huis? Toe jy uit die huis uitgegaan het, was die mense op julle pad vriendelik of onbeskof? Toe jy by jou skool aangekom het, was jou maatjies vriendelik met jou of het hulle jou sleg laat voel? Was die dag in die skool vir jou lekker of minder lekker? Sê in jou hartjie vir die Here dankie dat Hy nog die hele dag by jou was." Sê "Amen" na 30 sekondes van stilte.

WOORD

Tydens die laaste ontmoeting van die vorige kwartaal het ons gehoor dat Paulus en Silas in Filippi in die tronk beland het. Alhoewel hulle baie geslaan is en hulle voete in houtblokke vasgeklem was, het hulle lofliedere tot God gesing en gebid. Skielik was daar 'n aardbewing en die tronkdeure het oopgegaan. Die tronkbewaarder het baie groot geskrik, maar hy was

Die onbekende God

Die onbekende

verbaas toe hy sien dat geen gevangenes ontsnap het nie. Hy het tot bekering gekom nadat Paulus en Silas aan hom verduidelik het wie Jesus is.

Lukas het in Filippi agtergebly terwyl Paulus, Silas en Timoteus na Tessalonika gereis het. *(Wys met die sandaaltjie op die kaart.)* Daar het 'n oproer ontstaan en Paulus moes vlug na Berea. Silas en Timoteus het in Berea agtergebly om die mense wat in Jesus geglo het, te bemoedig. Paulus het verder met 'n skip na Atene gevlug. Ons gaan vandag op ons reis saam met Paulus deur Atene stap.

<u>Beeld die stad as volg uit:</u>

- *Kies 3 kinders en gee vir hulle elkeen 'n naambord met die naam van 'n afgod en sy beskrywing. Laat hulle bo-op stoele staan wat jy deur die vertrek versprei het.*
- *Stel 'n altaar voor met 'n kleinerige tafel en 'n groot laken daaroor. Sit die naambord: "Aan 'n onbekende god" daarop.*

Gee vir 5 kinders elkeen 'n laken om om hulle te draai en groepeer hulle bymekaar voor in die vertrek as die Areopagus-raad (die geleerdes).

"Ons is vandag almal in Atene, 'n baie besige stad. Paulus was hier en hy het gewag vir Silas en Timoteus om by hom aan te sluit. Terwyl hy vir hulle gewag het, het hy deur die stad gestap. Kom ons stap saam met Paulus deur Atene." (*Dalk lees een van die kinders baie goed en kan hy die rol van Paulus vertolk.)*

Loop verby die kinders op die stoele en lees elke afgod se naam en die beskrywing wat hulle vashou.

Gaan staan ook by die altaar. Verduidelik hoe ontsteld Paulus hieroor was en wat hy daaraan gedoen het. Sorg dat jy die groep neem tot voor die Areopagusraad.

"Die Ateners was nuuskierig. Hulle wou graag nuwe dinge hoor. Paulus gaan staan toe in die middel van die Areopagus. *(Dit was 'n heuwel waar die meeste byeenkomste en vergaderings gehou is en waar die geleerdes bymekaar was.)* Paulus sê toe die woorde wat in Handelinge 17:22-25 staan. "Mense van Atene, ek sien dat julle aanhou om julle gode te dien saam met alles wat julle in julle lewe doen. Ek het deur julle stad geloop en ek het gekyk na die plekke waar julle al julle gode aanbid. Toe het ek ook 'n altaar gekry en op die altaar is daar geskryf: 'Hierdie altaar is vir die god wat ons nie ken nie.' Ek wil vir julle vertel van hierdie God, julle ken Hom nie, maar julle

aanbid Hom. Hierdie God het die wêreld gemaak en ook alles wat daarin is. Hý is die Here van die hemel en die aarde, en Hy woon nie in tempels wat mense gemaak het nie. Mense moenie vir hierdie God sorg nie, dit is nie nodig nie. Hy is die Een wat vir al die mense lewe gee, Hy laat hulle asemhaal, en Hy gee alles vir hulle". Kyk nou net hoe slim was Paulus. Hy het deeglik gekyk wat gaan aan en wat glo die mense. Hy het ook gesien dat hulle op 'n manier moes voel dat hulle afgode nie die waarheid is nie. Dis waarom hulle 'n altaar gebou het vir 'n onbekende god. Paulus het dit raakgesien en daarom geweet dat hy vir hulle die antwoord oor die ware God kan gee.
Hand 17:30-32: Dit is waar dat God nie die mense gestraf het in die tyd toe hulle Hom nie geken het nie, maar Hy sê vir al die mense op al die plekke dat hulle nou hulle lewe moet verander en moet lewe soos Hy wil hê. Hulle moet dit doen omdat Hy gesê dat daar 'n dag sal kom wanneer Hy sal doen wat reg is, Hy sal al die mense van die wêreld dan oordeel. God het vir Jesus gekies om dit te doen. God het ook vir almal gewys dat dit waarlik sal gebeur, want Jesus het gesterf, maar God het Hom weer laat lewe." Toe hulle hoor dat Paulus sê dat God mense wat dood is, weer laat lewe, het party mense vir Paulus begin lag en spot, maar party het gesê: "Ons sal weer wil hoor wat jy hieroor sê."

Wat 'n hartseer dag!! God stuur sy boodskap van liefde en verlossing na die Ateners en hulle lag daaroor.

Gelukkig was daar 'n paar mense wat gelowig geword het. Een van hulle was Dionisius. Hy was een van die geleerdes. Paulus het nie verniet gepraat nie. Dis jammer dat die mense in Atene nie almal geglo het nie, maar God se woord is die waarheid en daar is altyd iemand wat ontdek dat Hy die ware en enigste God is.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoeveel afgode mense vandag het.
2. Ek wonder of die Here ook jou enigste God is.
3. Ek wonder wat jy oor God wil weet.
4. Ek wonder of dit vir Paulus lekker was om vir hulle van God te vertel.

WERSKAF

- Gee aan elkeen 'n skoon bladsy waarop hulle aan iemand kan uitbeeld dat God die enigste God is.
- Vir ouer kinders: Maak 'n spraakborrel ('word cloud') met die teks van Hand 17:24-28a. Gee 'n bladsy met die buitelyne van die syfer 1 daarop en laat hulle vers 24-28a op 'n kreatiewe manier daarin skryf. (Wys die voorbeeld wat voorsien word.)
- Gee vir die kinders die uitdeelstuk van Hand 17:25 en laat hulle die onbekende letters ontsyfer om die teksvers uit te skryf.

Sluit af met die seënbede:

"Mag jy verder hierdie week die Here se liefde beleef en dit vir ander gaan vertel. Amen."

JUPITER / JUPITER of ZEUS

Hand 14:12

Jupiter/Zeus is gesien as die vader van alle gode en spesifiek gesien as die god van mans. Hy is ook genoem die god van lug en donder.

MERCURIUS/HERMES / MERCURIUS of HERMES

Hand 14:12

Mercurius is gesien as die god van geld, handel en besigheid.

ARTEMIS/DIANA / ARTEMIS of DIANA

Hand 19:35

Sy is gesien as die godin van wilde diere, die wildernis, jag en geboortes.

ONBEKENDE GOD / ONBEKENDE GOD

Hand 17:25,28

Dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee, die eintlike God waardeur ons leef, beweeg en bestaan.

A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K	L	M	N	O	P	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z
&	Β	Χ	Δ	✋	Φ	Γ	Η	⊗	ϑ	Κ	Λ	☑	Ν	Ο	Π	Θ	Ρ	Σ	Τ	Υ	ς	Ω	Ξ	Ψ	Ζ

D	_	T		_	S		H	_		W	_	T		_	_	N		_	L	_	_	L		L	_	W	_
Δ	⊗	Τ		⊗	Σ		Η	Ψ		Ω	&	Τ		&	&	Ν		&	Λ	☑	&	Λ		Λ	✋	Ω	✋
				_	N		_	S	_	_		_	N		_	L	L	_	S		_	_	_	.			
				✋	Ν		&	Σ	✋	☑		✋	Ν		&	Λ	Λ	✋	Σ		Γ	✋	✋	.			

nasies
en
ook
bestaan
Hy
Hý
dat
woon
God
sal
versorg
rondtas
een
om
moes
alles
gemaak
wat
te
gee
sou
dit
vind
af
Uit
want
Here
mense
asem
soek
het
tempels
hele
hemel
deur
aan
oor
nodig
met
beweeg
waar
almal
aarde
ver
bepaal
lewe
hoe
van
al
hulle
die
enigeen
wêreld
lank
daarin
mens
ons
nie
Hom
Inteendeel